

huisgeloof-reeks

1

9 GELOOFS-
GEWOONTES

Ons huis oefen

FAMILIES GLO SAAM

ANRIËTTE DE RIDDER EN
MAARTJE VAN DER WESTHUIZEN
(REDAKTEURS)

KARIN STEYN, ELSIE LOUW, CHRISTI THIRION,
ELZANNE VAN DER WESTHUIZEN EN
WOUTER VAN WYK (MEDEWERKERS)

Bm
Bybel-Media



jeugfokus

Inhoudsopgawe

Inleiding	4
1 Geloofsgesprekke: Ons spanpraatjies	7
2 Lees die Bybel: Ons wedstrydplan	11
3 Bid: Ons kommunikasie op die veld	16
4 Leef diensbaar: Ons spanwerk	20
5 Gaan kerk toe: Ons oefentyd	24
6 Wees dankbaar: Ons sportmangees	28
7 Maak 'n verskil in die wêreld: Ons wedstrydtyd	32
8 Rus: Ons hersteltyd	36
9 Geloofsrituele: Ons spankreet	40

1

Geloofgesprekke ONS SPANPRAATJIES

Voordat 'n sportspan op die veld draf, hou hulle eers 'n spanpraatjie. Die spelers en die afrigter praat met mekaar oor die wedstrydplan en motiveer mekaar vir die wedstryd. Dié praatjies help almal in die span om te fokus en te onthou wat van hulle verwag word.

Geloofsgesprekke is amper soos spanpraatjies. Dit is gesprekke wat gelowiges in die gewone verloop van die lewe met mekaar voer om mekaar te inspireer en mekaar te leer. Ons dink en praat saam oor God en oor wat God vir ons beteken. Ons help mekaar onthou waaroor die lewe regtig gaan en om ons oë op God gerig te hou.

Die Schoonraad-gesin het 'n spesiale rots by die see by Kleinmond waar hulle gereeld vakansie hou. Hulle noem hierdie rots hulle "familie-rots". Dit is naby aan die water, maar veilig vir die hele gesin om rustig saam te kyk hoe die branders breek. Hulle sê hierdie plek herinner hulle aan God. Daar op hulle familie-rots het hulle elke keer 'n spontane gesprek oor wie God is en hoe en waar hulle God in hulle lewe raaksien.



Bring saam

- 'n Verskeidenheid items uit die huis soos 'n koffiebeker, gom, 'n pen, 'n soutpot, 'n vrug, water, 'n boek, 'n speelding, 'n selfoon en 'n hoed.
- Alternatief: 'n Verskeidenheid prente uit tydskrifte van natuurtonele, diere, mense of huishoudelike items.
- Mosterdsaadjies en suurdeeg of gis.

Ysbreker

Pak vooraf die verskeidenheid items of prente uit op die tafel of vloer in die ruimte waar julle as familie saam gaan sit. Gee vir almal tyd om daarna te kyk. Elkeen kies een item of prent en vertel aan watter eienskap van God dit hom of haar laat dink en hoekom.



Luister

Terwyl Jesus op aarde was, het Hy met 'n verskeidenheid mense oor geloof gepraat. Jesus het in die alledaagse dinge van die lewe 'n aanknopingspunt gevind of 'n waarheid met 'n alledaagse item (soos sout, visvang of skape) vergelyk. Deur 'n gelykenis te vertel of 'n metafoor te gebruik het Jesus ruimte geskep dat dié wat na Hom geluister het (of wat sy woorde later sou lees) self oor die betekenis van die gelykenis of metafoor kon nadink en só by die gesprek ingetrek word.

Die gelykenis van die mosterdsaadjie en die suurdeeg is 'n voorbeeld van hoe Jesus twee dinge wat vir die mense baie bekend was, gebruik het om vir hulle iets meer van God se koninkryk te vertel.

Albei hierdie vergelykings was verrassend, want die koninkryk werk anders as wat die mense verwag het. Die mense van Jesus se tyd het gedink die koninkryk van God sal met magsvertoon aanbreek. Die mosterdsaadjie is egter klein en nederig en groei mettertyd. Mense het gedink die koninkryk sal met 'n groot skouspel aanbreek, maar die suurdeeg se invloed is onsigbaar hoewel kragtig.

- Lees saam *Matteus 13:31-33*. Wys vir die kinders hoe 'n mosterdsaadjie en suurdeeg of gis lyk.



Gesels

- Vertel van 'n keer toe jy met suurdeeg, gis of bakpoeier gewerk het. Hoekom was dit nodig?
- Watter een van hierdie twee metafore (die mosterdsaadjie of die suurdeeg) raak jou die meeste? Hoekom?

- Met wie en waar het jy onlangs spontaan oor jou geloof gepraat?
- By wie het jy al die meeste oor God geleer?
- Watter dinge in jou lewe is 'n goeie aanknopingspunt vir gesprekke oor geloof?



Leef

Speel saam “Slangetjies en leertjies”. Elke keer wanneer jy deur 'n slang ingesluk word, vertel van iets in jou dag of week wat nie lekker was nie. Elke keer wanneer jy op 'n leertjie beland en boontoe klim, vertel van iets in jou dag of week wat positief of lekker was. Deur hierdie oefening leer julle as gesin om God elke dag raak te sien.



Aanbid

Gebruik die verskeidenheid items of prente van die ysbreker om God in gebed te loof en te prys vir wie Hy is.

Nog idees vir gesinsaktiwiteite

Soet en suur

Vul 'n houer met soet en suur lekkers. Almal steek hulle hande in die houer en haal 'n lekker uit. As jy 'n soet lekker gevat het, vertel van iets moois wat op hierdie dag met jou gebeur het. As jy 'n suur lekker uitgehaal het, deel iets oor jou dag wat nie vir jou lekker was nie.

Fliektyd

Kyk saam 'n fliek en gesels ná die tyd oor wat julle daaruit geleer het. Besoek www.commonsemmedia.org. Onder "Reviews – movies" kan julle ander ouers se resensies oor gepaste flieks lees en vrae kry waaroor julle as familie saam kan gesels.

Verkeerslig-speletjie

Speel hierdie speletjie wanneer julle saam iewers heen ry, in die natuur gaan stap of aan die tafel sit.

- Rooi = staan stil en waardeer die natuur of geleentheid
- Oranje = dink oor wat die ervaring aan jou doen
- Groen = vertel hoe dit jou aan God laat dink

Laai die "Ons glo"-app af

Laai die gratis "Ons glo"-app af of besoek die webwerf www.onsglo.co.za. Hierdie app is ontwikkel sodat gesinne of kleingroepe dit kan gebruik om 25 geloofstemas saam te ontdek.

Herken die seisoene

Kyk hoeveel tekens van die spesifieke seisoen waarin julle nou is (somer, herfs, winter of lente) julle kan raaksien wanneer julle saam gaan stap of fietsry of met die motor ry. In die somer sal julle byvoorbeeld 'n sonhoed, 'n sproeier, 'n roomyskarretjie of 'n groen boom sien. Gesels oor God wat vir ons die seisoene gee.

Musiekaand

Laat elke gesinslid 'n lied kies waarvan hy of sy baie hou (gospel of sekulêr). Luister saam daarna en google die woorde. Gesels oor die betekenis van die woorde. Gesels oor hoe God by mense se ervarings van die lewe betrokke is.

2

Lees die Bybel ONS WEDSTRYDPLAN

Elke sportspan wat sy sout werd is, het 'n wedstrydplan. Dit beteken hulle weet wat die reëls van die sport is en hulle het 'n strategie waarmee hulle die wedstryd benader. Natuurlik gebeur daar onverwagte dinge in enige wedstryd, maar 'n span wat 'n plan het, is beter voorbereid om hierdie uitdagings te hanteer.

Die Bybel is vir gelowiges soos 'n wedstrydplan vir die lewe.

Die Van der Westhuizen-gesin kuier by hulle oumagrootjie in die aftreeoord. Ouma Maggie haal die ou Familiebybel uit om vir haar kleinkinders te wys. Hendrik en Lisa is verbaas oor hoe geel, oud en bros die bladsye lyk. Ouma Maggie wys vir hulle die name van hulle voorgeslagte wat voor in die Bybel in outydse krulletters geskryf is. Die kinders is verbaas oor hoeveel jare die Bybel al in hulle familie is en sien dat hulle eie name ook daarin geskryf staan.

Ouma Maggie lees vir hulle haar geliefkoosde gedeelte, Psalm 23, uit die Familiebybel. "Hoekom is dit in Nederlands geskryf?" wil Hendrik weet.

"Want die eerste Afrikaanse Bybel is eers in 1933 vertaal," verduidelik ouma Maggie.

Lisa lees Psalm 23 in Ouma se Afrikaanse Bybel wat langs haar bed lê, maar die woorde klink steeds vir haar vreemd. "My Bybel is die ou Afrikaanse vertaling. Julle gebruik die nuwe vertaling wat in 1983 verskyn het," lag Ouma.

"Het Ouma al die Bybel op Ouma se selfoon?" vra Lisa. Nou is dit Ouma se beurt om verbaas te wees. Sy het nie geweet so iets is moontlik nie. Lisa en Hendrik help gou vir ouma Maggie om 'n Bybel-app op haar foon af te laai en wys vir haar hoe om dit te gebruik.



Bring saam

- 'n Dobbelsteen.
- Strokies papier (alternatiewe: houtblokkies, wasgoedpennetjies, roomysstokkies of die name van die Bybelboeke reeds op strokies papier gedruk).
- 'n Helder pen of koki.
- 'n Kers of 'n lampie en vuurhoutjies.

Ysbreker

Maak beurte om die dobbelsteen te gooi en beantwoord die vraag wat pas by die getal wat jy gegooi het.

1. Wat is jou gunsteling-Bybelstorie in die Ou Testament?
2. Wat is jou gunsteling-Bybelstorie in Nuwe Testament?
3. Noem 'n verhaal in die Bybel waarin 'n vrou die held is.
4. Wie is jou gunsteling-karakter in die Bybel?
5. Watter verhaal of persoon in die Bybel is vir jou vreemd?
6. Noem 'n Bybelverhaal met 'n dier in. Watter dier is dit?



Luister

Die Bybel soos ons dit vandag ken, is 'n versameling verhale oor God en sy mense. Hierdie verhale is deur die eeue heen opgeteken sodat ons God kan leer ken en kan ontdek hoe God in ons wêreld werk. Die verhale oor God is nie net ou geskiedenisverhale nie; dit is ook verhale wat ons help om raak te sien dat en hoe God in ons lewe betrokke is.

2 Timoteus is 'n brief wat Paulus vanuit die tronk vir Timoteus geskryf het. Paulus was Timoteus se mentor en het vir hom baie waardevolle lesse oor geloof geleer. In hierdie brief bevestig Paulus vir Timoteus wat regtig die belangrike dinge in die lewe is en waaraan gelowiges kan vashou. Ons sien dat die Skrif (die Bybel) een van hierdie belangrike dinge vir Timoteus moes wees.

- Lees saam 2 *Timoteus* 3:14-17.



Gesels

- Ken jy iemand wat graag die Bybel lees? Wie is dit?
- Vertel van 'n keer toe jy die Bybel gelees of 'n Bybelverhaal gehoor en dit vir jou baie beteken het of jou iets nuut geleer het.
- Wat leer ons van die Bybel in hierdie teksgedeelte?
- Wat dink julle beteken dit dat die Bybel deur God geïnspireer is?

- Hoe dink julle help die Bybel ons vandag?
- Hoe kan jy Bybellees 'n goeie gewoonte in jou lewe maak, soos om jou tande te borsel?



Leef

Die Bybel is 'n versameling van 66 boeke wat in verskillende literatuursoorte verdeel kan word. Dit is amper soos 'n biblioteek met verskillende afdelings vir verskillende soorte boeke of verskillende soorte fliëks.

Skryf elke Bybelboek se naam op 'n strook papier, 'n houtblokkie, 'n wasgoedpennetjie of 'n roomysstokkie neer. (Of gebruik die strokies papier waarop die Bybelboeke se name reeds gedruk is. Kyk gerus op Pinterest vir nog idees.) Deel nou die Bybelboeke in die regte afdelings in (of net in die Ou en Nuwe Testament):

Ou Testament

- Pentateug (eerste 5 boeke)
- Geskiedenis
- Wysheid en gedigte
- Klein Profete
- Groot Profete

Nuwe Testament

- Evangelies
- Reisverhaal
- Briewe van Paulus
- Ander briewe

Hang die "Bybelbiblioteek" iewers in julle huis op. Gesels oor hoe ons hierdie verskillende literatuursoorte ook verskillend sal lees.



Aanbid

Laat iemand in die gesin die kers of lampie aansteek. Iemand anders lees dan Psalm 119:105: "Die dinge wat U vir ons gesê het, is vir my soos 'n lamp wanneer ek in die donker loop, dit wys vir my hoe ek moet lewe" (*Bybel vir almal*).

Voltooi hierdie sin: "Die Bybel is soos ..." Dink aan nog metafore, beelde of woorde wat die Bybel beskryf en maak 'n lys daarvan. Gebruik hierdie woorde om God vir die Bybel te loof.

Nog idees vir gesinsaktiwiteite

Lectio Divina

Lectio Divina beteken letterlik in Latyn “heilige lees”. Dit is ’n baie, baie ou manier om saam na die Bybelteks te luister. Gebruik die teks van die erediens, ’n Bybelleesplan of ’n Kinderbybel en kies ’n vaste tyd om dit saam te lees.

Lees die teks wat julle gekies het en gesels saam oor hierdie vrae:

- Waaroor wonder jy? Wat dink jy beteken dit?
- Wat val jou op? Wat dink jy wil God vir jou sê? (Moet jy iets doen, hoor of oordink?)
- Waarvoor kan jy vir God dankie sê? Waarvoor kan ons God spesiaal vra?
- Wat gaan jou laat onthou wat God deur hierdie Bybelgedeelte vir jou gesê het?

Die groot storie

Teken ’n Bybel-tydlyn met die hoofgebeure in die Bybelverhaal. Google dit as julle vashaak. Besluit saam hoe julle dit op ’n plakkaat gaan uitbeeld. Probeer die Bybelverhale chronologies lees en dit op die tydlyn “inpas”, soos die hele verhaal van Moses of ’n hele Bybelboek soos Johannes.

Wasgoedlyn met tekste

Span ’n tou soos ’n wasgoedlyn voor die venster. Elke keer wanneer julle ’n teks hoor wat vir julle belangrik is, skryf dit neer en knyp dit met ’n wasgoedpennetjie aan die wasgoedlyn vas.

Swartbordteks

Skryf die week se erediensteks op ’n swartbord neer of plak dit teen die muur waar die hele gesin dit maklik kan raaksien.

Hebreeus en Grieks

Kyk op die internet hoe lyk die oorspronklike tale waarin die Bybel geskryf is.

Vergelyk verskillende Bybelvertalings

Elkeen in die gesin kies ’n gunsteling-teksgedeelte in die Bybel. Lees dit dan in verskillende vertalings en let op die ooreenkomste en verskille.